

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Nota:

In hierdie artikel gebruik ek die ware Name van Vader-God en die van Sy Seun. Die Naam van God die Almagtige word in Hebreeus geskryf as יהוה en getransliterer as YHVH (Yahuah). Hierdie Naam word meer as 7 000 keer in die Skrifte (Bybel) gebruik, maar word as *die HERE* vertaal. Let daarop dat *die Here* is 'n titel (soos dominee, dokter, professor, ens.) en nie 'n naam nie. Die Messias se ware naam is Yeshua – in Hebreeus geskryf as ישוע – Yeshua Messias (Die Gesalfde Een).

*Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n klee saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?** Spr. 30:4.*

Hierdie skrywe se doel is nie om mense te oordeel nie, maar 'n poging om die waarheid bekend te maak. Ek respekteer die siening van elkeen wat besluit om steeds Kersfees te vier. Hierdie is 'n saak waarvoor elkeen self moet besluit.

## Die Geboortedatum Van Yeshua Messias

*Julle aanbid wat julle nie ken nie; Ons aanbid wat Ons ken: Hy wat Lewe is, is vanuit die Jode, maar daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid.” Joh. 4:22 tot 24 – PWL<sup>1</sup>*

Elke jaar op die 25 Desember gedenk Christene die geboorte van Yeshua. Eerstens moet ons beseft dat daar geen opdrag in die Skrifte is om die geboorte van ons Messias te gedenk nie! Hiermee sê ek nie dat dit verkeerd is om dit te doen nie! Maar ek glo almal sal saamstem dat ons egter die geboorte van Yeshua Messias moet gedenk met volle begrip van wanneer Hy gebore was. Dit is tog sekerlik gepas en sinvol om 'n persoon se geboorte te herdenk op die dag wat hy of sy gebore is!

Indien die geboortedatum van Yeshua egter belangrik is, dan sou ons die presiese datum in die Skrifte kon vind. En tog weet ons dat die geboorte van Yeshua wel baie belangrik is en daarom is dit in die Skrifte van die hernieuwde verbond opgeteken. Maar ons weet ook dat Yeshua nie die disippels geleer het om Sy geboortedag te herdenk nie, maar wel om Sy kruisiging en opstanding gereeld te herdenk. Dit doen ons dan ook by wyse van die viering van Pesag (Paasfees; die Pasga). En die datum wanneer ons Pesag moet gedenk word wel vir ons in die Skrifte gegee (Ex. 12:3 tot 11; Lev. 23:5).

Volgens Joh. 4:22 tot 24 is dit duidelik dat die Vader die soek wat Hom in Gees en waarheid aanbid. Die vraag is dus: Wat is die waarheid aangaande die geboorte van Yeshua? Is dit op die 25 Desember soos die meerderheid Christene glo? Wanneer ons hierdie waarheid weet, kan elkeen self besluit om, of die waarheid te glo en daarvolgens op te tree, of om die tradisie van mense te bly volg!

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch): of kontak vir [Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com](mailto:Gerrie.Coetzee@padwlewe@yahoo.com)

Die doel van hierdie skrywe is nie om die afgode oorsprong en die gevolglike misleiding van Kersfees te bespreek nie! Inligting hieroor is verkrygbaar deur op hierdie skakels te kliek: [Die Misleiding van Kersfees](#), asook [Die KersfeesTradisie](#). Ek wil elkeen aanmoedig om wel hierdie artikels te lees!

Met hierdie skrywe wil ek elkeen net daarop wys dat ons volgens die Skrifte wel kan bepaal wanneer Yeshua gebore was. Ons weet dat daar geen enkele teksvers is wat vir ons die presiese datum van Yeshua se geboorte gee nie. Indien ons egter die Skrifte van die hernieude (nuwe) verbond in konteks lees, tesame met die nodige kennis van die Skrifte van die ou verbond, kan ons wel die maand en seisoen bepaal wanneer Yeshua gebore was, sowel as tydens watter fees dit volgens Levitikus 23 was! **En dit was beslis nie in Desember nie!!**

Dit is ook 'n feit dat geskiedkundiges en Skriftekenners dit eens dat Yeshua nie gedurende Desember gebore was nie. 'n Voor die handliggende bewys hiervan vind ons in Luk. 2:1 tot 11 en spesifiek in vers 8, naamlik:

*En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.*

In die Noordelike halfgrond is Desember die middel van die winter. Die skaapherders het nie gedurende die wintermaande saam met hulle skape in die oop veld oornag nie, want dit was te koud. Hiervolgens is dit duidelik dat Yeshua nie in Desember gebore kon gewees het nie!

### **Wanneer is Yeshua gebore?**

Die geboorte van Yeshua moet in konteks gelees word met die geboorte van Johannes die Doper. Dit, tesame met insae in die dienswerk wat Johannes se vader, Saggaria, in die tempel verrig het, is die sleutel om die 'geheimenis' aangaande die datum van Yeshua se geboorte oop te sluit!

Ons lees in Luk. 1:5 tot 9 die volgende:

*Daar was in die dae van Herodes, koning van Judéa, 'n sekere priester met die naam van Sagaría, uit die afdeling van Abía; en sy vrou was uit die dogters van Aäron, en haar naam was Elisabet. En hulle was al twee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van YHVH onberispelik gewandel. En hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was en albei op ver gevorderde leeftyd. En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling, het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van YHVH en reukwerk te brand.*

Sedert die dae van Koning Dawid was daar 24 afdelings van priesters wat aangestel was om tempeldiens te verrig (1 Kronieke hoofstuk 24; vergelyk ook 1 Kron. 8:14). Die afdeling Abia waarby Sagaría ingedeel was, was die agste afdeling (1 Kron. 24:10). Elke afdeling het twee keer per jaar vir sewe dae dienswerk verrig (1 Kron. 9:25). Elke afdeling se dienswerk het begin en geëindig op die shabbat (2 Kron. 23:8).

Volgens die Skrifte weet ons dat die dienswerk van die afdeling Abia gedurende die tiende week van die jaar volgens Hebreëuse kalender (YHVH se kalender) was, naamlik ongeveer die 12 tot die 18 van die maand *Sivan* en wat ooreenstem met Mei/Junie volgens die Gregoriese kalender.

In Luk. 1:11 tot 17 lees ons dat terwyl Sagaría met sy dienswerk besig was, het daar 'n engel aan hom verskyn wat hom meegedeel het dat Elisabet swanger sal word met 'n seun wat hulle Johannes moet noem:

*Toe verskyn daar aan hom 'n engel van YHVH, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan. En toe Sagaría hom sien, was hy ontsteld, en vrees het hom oorval. Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem. En hy sal blydschap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees; want hy sal groot wees voor YHVH. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af. En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot YHVH hulle God. En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir YHVH 'n toegeruste volk te berei.*

Volgens Luk. 1:23 tot 25 kan ons wel 'n berekening doen van wanneer Elisabet swanger geword het.

*En toe die dae van sy diens vervul was, het hy huis toe gegaan. En ná hierdie dae het Elisabet, sy vrou, ontvang en haar vyf maande lank verberg en gesê: So het YHVH met my gedoen in die dae toe Hy my aangesien het om my smaad onder die mense weg te neem.*

Die logiese afleiding wat ons dus hieruit kan maak is dat Elisabet volgens die Gregoriese kalender gedurende Junie van daardie jaar met Johannes die Doper swanger geword het. Dit beteken dat Johannes nege maande later gebore was, naamlik in Maart of vroeg in April die daaropvolgende jaar. Volgens die Hebreuse kalender stem dit ooreen met die maand Nissan, ook bekend as Aviv (Abib) en wat die eerste maand volgens die Hebreuse (YHVH) se kalender is (Ex. 12:1 tot 11, spesifiek vers 2). Hiervolgens, asook volgens Lev. 23:4 en 5 weet ons dat Pesag (Paasfees, die Pasga) op die 14 Nissan gedenk word (Lev. 23:4 en 5). Die moontlikheid bestaan dus dat Johannes die Doper tydens Pesag gebore was.

Wat is die verband hiervan met die geboorte van Yeshua? Die antwoord vind ons in Luk. 1:26 tot 36.

*En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret, na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria. En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! YHVH is met jou; geseënd is jy onder die vroue. En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Yeshua noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en YHVH-God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word. En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.*

Let op wat in verse 26 en 36 geskryf staan! Beide verwys na die sesde maand van Elisabet se swangerskap. Indien Elisabet dus ses maande swanger was toe Maria swanger geword het, is die logiese gevolgtrekking dat Yeshua ses maande na Johannes gebore was. Aangesien ons reeds gesien het dat Johannes in Maart /April (die maand Nissan) gebore was, beteken dit dat Yeshua gedurende September of vroeg Oktober van dieselfde jaar gebore was! Volgens YHVH se kalender (die Hebreuse kalender) stem dit ooreen met die maand die sewende maand, bekend as *Tishri*. Volgens Lev. 23:24 tot 44

is hierdie die maand waarin die Feestyd van Tabernakels (*Sukkot*) gedenk word en wat bestaan uit drie feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah*), die Versoendag (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot*).

'n Studie van die feestye van YHVH kan die laaste drie feeste van YHVH opgesom word as "God met ons". Daarom is dit ook 'n logiese gevolgtrekking dat Yeshua gebore was tydens die Fees van Tabernakels en daar is goeie rede om te glo dat Sy geboorte wel tydens die Fees van Trompette was. Op hierdie fees word die basuin (ramshoring) geblaas as herinnering van die eerste koms van ons Messias, maar veral as herinnering aan die wederkoms van Yeshua as Koning wat sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel en om vir ewig te regeer!!

**Nota:** 'n Volledige studie oor die feestye van YHVH kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: <http://nuwelielied.info/?cat=1>

Daar is ook nog verskeie ander aanduidings in die Skrifte wat uit die oog verloor word deur diegene wat verkeerdelik die 25 Desember as die geboorte dag van Yeshua gedenk. Daar is reeds verwys na die skaapwagters wat nie in die wintermaande (Noordelike halfrond) met hulle skape gedurende die nag in die veld sou wees nie (Luk. 2:1 tot 11). Die volgende feit in Luk. 2:1 tot 5 moet byvoorbeeld ook in berekening gebring word.

*Dit het gebeur in daardie dae dat daar ook 'n bevel uitgegaan het vanaf keiser Augustos dat al die lande in sy ryk opgeskryf moes word. Hierdie eerste sensus het plaasgevind toe Quirinus geheers het oor Sirië en almal het gegaan, elkeen om in sy stad geregistreer te word. Yosef het ook opgegaan vanaf die stad Natzeret, in die Galil, na die stad van Dawid, in Y'hudah, wat Beit-Legem genoem word omdat hy van die huis en geslag van Dawid was, om hom daar te laat registreer saam met Miryam, sy bruid, wat swanger was (PWL).*

Die 'registrasie' waarna verwys word was vir belastingdoeleindes. Soos wat die King James Vertaling van Luk. 2:3 lees: *And all went to be taxed, every one into his own city.* Hierdie registrasie was aan die einde van die oestyd in Israel en het saamgeval met die fees van Tabernakels wat ook deur YHVH so beplan was dat dit aan die einde van die oestyd gehou word, naamlik September / Oktober volgens die Gregoriese kalender. Verder is dit ook sinvol dat keiser Augustus nie so 'n registrasie gedurende die wintermaande sou gedoen het nie, aangesien enige reistog per voet of donkie baie moeilik sou gewees het.

Hoekom is al bogenoemde feite belangrik? Soos reeds genoem is daar geen opdrag in die Skrifte om die geboorte van ons Messias te gedenk nie! En soos ook reeds genoem is weet ons dat Yeshua nie Sy disippels geleer het om Sy geboortedag te herdenk nie, maar wel om Sy kruisiging en opstanding. In die lig hiervan moet ons dan die volgende vra: Hoekom gedenk ons dan die geboorte van Yeshua, en dan ook nog op 'n datum wat Hy nie gebore was nie? Die antwoord is omrede dit 'n tradisie is wat deur die Rooms Katolieke Kerk ingestel was! En hierdie tradisie is 'n verbastering van die waarheid van die Skrifte met die leuen van afgodery soos wat in die artikel: '[Die Misleiding van Kersfees](#)' ([Die Misleiding van Kersfees](#)), verduidelik word!

*The only thing worse than being wrong, is to be wrong and to not know it – Rendelman.*

*There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.*

Ons weet nie die presiese datum van Yeshua se geboorte nie, want daar is geen enkele teksvers wat dit vir ons gee nie. Maar ons kan met sekerheid die maand vasstel, sowel as tydens watter fees dit volgens Levitikus 23 was! **En dit was beslis nie 25 Desember nie!!**

Die feit dat die Skrifte nie vir ons die presiese datum van Yeshua se geboorte gee nie, behoort vir ons genoegsame rede te wees om te beseftig dat dit nie belangrik is om ons Messias se geboortedag te herdenk nie. Groot is ons vreugde oor die geboorte van Yeshua, maar dit word oortref deur ons dankbaarheid dat Hy ons sondeskuld aan die folterpaal betaal het en dat Hy uit die dood opgestaan het as Koning van alle konings en as ons Ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek! Dit is wat ons volgens die Skrifte moet gedenk!!

Yeshua is nie meer die babatjie in die krip nie! Nee, ons Messias sit aan die regterhand van YHVH-God en sal weer kom as die Leeu van Juda!

Is dit nie vreemd nie dat feitlik die hele wêreld gaande is oor die geboorte van Yeshua, maar dat die vrees vir Sy wederkoms by die meerderheid ontbreek?

*En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. Open. 19:15.*

Ek verwag nie om hierdie skrywe of enige van my ander artikels oor die misleiding van Kersfees te glo nie. Ek vra wel om dit met die gesindheid van die Bereane te ontvang, maar om dan self die Skrifte te ondersoek of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11). 'n Oorvloed inligting is ook in ensiklopedië en op die internet beskikbaar om self 'n studie hieroor te maak en tot jou eie gevolgtrekking te kom!

Maar onthou die volgende waarskuwing wat Yeshua aan ons almal rig:

*En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4*

Paulus herinner ons ook aan die volgende:

*"As gevolg hiervan," sê יהוה, "gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê יהוה, wat almal vashou. 2 Kor. 6:17 en 18*  
- PWL.

Mag die waarheid jou vrymaak om YHVH in Gees en waarheid te dien!!

*Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: "As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak." Joh. 8:31 en 32 - PWL.*

-0-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete.  
Johan.

**E-pos:** [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

**Webwerf:** <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*